NG Kerk, Danabaai – Getuienisbediening

Ons beleef buitengewone omstandighede en daarom skryf ek vandag.

Eerstens wil ek BAIE DANKIE sê vir julle ondersteuning aan die sendelinge en dagsorgsentrum. Elke sent tel en die getuienisbediening is so dankbaar vir julle bydraes. Julle GBO-geld word elke maand uitbetaal aan Hugo en Jackie Wolmarans (hy werk in die Arabiese lande), Neels en Esmé Meyer (hy doen opleiding van sendelinge en saam bou hulle verhoudings op met die Indiërs en straatvrouens in George en dra so die beeld van Christus uit). Dan gaan daar ook maandeliks GBO-geld na Marinda Fielies wat die Mickey Mouse Dagsorgsentrum in Aslapark bedryf. (Sy is 'n opvoeder, ma en steunpilaar vir kinders van doeke-ouderdom tot voorskools.)

Tweedens, in die lig van die feit dat ons nie elke Sondag by die kerk gaan bymekaar kom nie, wil ek verduidelik hoe afhanklik ons is van jou volgehoue finansiële ondersteuning. Die GBO's is geld wat deur u as lidmaat inbetaal word en weer uitbetaal word – daar is nie 'n reserwefonds of ekstra geld in die spesiale GBO-bankrekening van die kerk nie. Die Getuienisbediening het in geloof onderneem om hierdie finansiële jaar elke maand R10,101-00 uit te betaal. Die Here is so goed vir "ons" en soos ook verlede jaar kon ons elke maand ons teikenbedrag aan die sendelinge gee. Hoe moet ek dit stel? – die Here is goed want u luister en gee vir Sy Werk. U "luister" gaan oor veel meer as die geld want u bid ook vir die werk van die Here.

Dit is nie ewe maklik vir ons almal om geld elektronies oor te plaas nie en van die GBO-geld word maandeliks kontant inbetaal deur sommige lidmate. Indien u enige vrae het of dit moeilik is om u GBO in te betaal, kontak my asseblief ek sal graag help!

Die "elektroniese roete" is as volg. Vul 'n aftrekorder in wat duidelik gemerk is "Geloofsbelofteoffer" of betaal dit elektronies oor en merk dit ook as "Geloofsbelofteoffer". ABSA, Mosselbaai, Tjekrekening nr. 4059113680, Takkode 334-214.

Ek is ongelooflik dankbaar dat ons kan saamwerk tot dieselfde doel: *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom* ***EN JULLE SAL MY GETUIES WEES*** *in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."* (Handelinge 1:8)

Seënwense

Luzette Jacobs

Voorsitter Getuienisbediening

044 698-1494/ 082 8205029 (ook op Whatsapp)

P.Humiflorastraat 14, Danabaai.